

# Mauritius lok beleggings

## Kopers kan só vaste verblyf kry

Ina Schaum

Anders as in Suid-Afrika waar daar kort-kort gerugte kop uitsteek dat nuwe maatreëls kom om buitelandse beleggings in die plaaslike residensiële mark te ontmoedig of heeltemal te verbied, het Mauritius net die teenoorgestelde gedoen en verskeie aansporingsmaatreëls ingestel – juis om beleggings te lok.

Een hiervan is die sogenaamde vaksieoordskema (integrated resort scheme, IRS) waarvolgens 'n buitelandse koper, sy gade en kinders onder 18 jaar vir vaste verblyf en 'n werkpermit kwalifiseer as hy in 'n villa van VSA\$500 000 of meer in een van sy goedgekeurde vaksieskemas koop. Dit geld ook plaaslike en internasionale maatskappye wat ingevolge die land se maatskappiewet van 2001 geregistreer is, asook kundiges in sekere skaars beroepe.

Mauritius se doel hiermee is om sy voorraad aan luukse vaksiebehuising uit te bou en daardeur sy toeristebedryf en sy ekonomie verder te stimuleer.

Verlede jaar het 788 276 toeriste die land besoek. Die land se regering wil dié getal teen 2020 tot 2 miljoen besoekers per jaar opstoot.

Daar is tans slegs drie geakkrediteerde



**Alec Bates, direkteur van die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgroep Secondlife-style, wys oor die gevestigde Peter Matkovich-gholfbaan van Villas Valriche na die heuwelagtige terrein waar die 288 luukse vaksievillas kom. Die groep is medeontwikkelaar en Les Villas de Bel Ombre Ltd. is die oorkoepelende ontwikkelaar.**

Foto: INA SCHAUM

IRS-ontwikkelings waarin sulke beleggings moontlik is, waaronder Four Season Hotels en Resorts se Anahita-vyfsterhotel bestaande uit 90 luukse suites.

Die verblyf- en werkstatus ontsluit die moontlikheid om deel te word van die land se bloeiende ekonomie waarvan die bruto binnelandse produk na verwagting teen einde vanjaar sowat 5,5% sal beloop.

Die land se onderwysstelsel is op dié van Europa gegrond, sy tegnologiese geriewe van wêreldstandaard en sy finansiële sektor verteenwoordigend van meer as 400 internasionale finansiële instellings, waaronder Barclays, Investec en Standard Bank.

Deel van die pakket is sekere belastingvoordele, insluitende persoonlike inkomstebelasting teen 'n vaste koers van 15%. Dit kan op jou plaaslike of buitelandse verdienste bereken word.

Maar belangrik, jy moet minstens 183 dae per jaar op die eiland wees om vir dié gunstige belastingkoers te kwalifiseer.

Geen kapitaalwinstbelasting of boedelbelasting is betaalbaar sou die koper die eiendom aan sy kind of kinders bemaak nie.

'n Ander nuttige tussentydse inkomste-

bron op jou belegging is die verhuur van jou villa wat namens jou geadministreer sal word.

Alle voordele (woon- en werkregte) verval egter sou jy die eiendomsbelegging in die skema verkoop.

Daar is geen beperking op die uitvloe van kapitaal nie, sou jy die opbrengs in ander wêreldmarkte wil gaan belê.

Beleggers betaal ook geen invoerbelas-

ting nie.

Lenings vir die volle koopsom is plaaslik beskikbaar, maar jy kan ook van jou eie finansieringsbronne gebruik maak.

Die gebruikelike looptyd van verbande is tien jaar.

Vir nader besonderhede oor Villas Valriche, skakel Hayes, Matkovich and Associates in Rivonia by ☎ 011 807 3748 of besoek [www.villasvalriche.com](http://www.villasvalriche.com).

## In 'n neutedop

■ Kontrakte van meer as VSA\$65 miljoen is reeds toegeken vir infrastruktuurprojekte in Villas Valriche.

■ 'n Totaal van 288 voltelhuisse word in 'n plantasiestyl op sowat 200 ha in die suidweste van Mauritius gebou. Dit sluit 'n bestaande gholfbaan van internasionale standaard in.

■ Villas met twee slaapkamers se pryse begin by \$800 000 (sowat R5,6 miljoen); dié met drie slaapkamers by die \$900 000 (R6,3 miljoen); en dié met vier slaapkamers by die \$1,2 miljoen

(R8,4 miljoen).

■ Die boukontrak vir fase 1 is toegeken aan 'n Chinese konstruksiefirma nadat die Suid-Afrikaanse onderneming wat oorspronklik genader is, nie die aanbod aanvaar het nie.

■ Bouwerk aan die infrastruktuur het reeds begin

■ Bouwerk aan fase 1 se 130 villas begin na verwagting in Maart aanstaande jaar en behoort teen middel of einde 2009 voltooi te wees.

■ Bouwerk aan fase 2 se infrastruktuur sal met dié van fase 1 oorvleuel.

■ Die totale projek behoort teen laat 2010 of middel 2011 afgehandel te wees.